(d) If the erf is fenced or otherwise enclosed, the fencing material or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

## 2. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes

In addition to the relevant conditions set out above all erven shall be subject to the following conditions:—

(a) The erf shall be subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary, as determined by the local authority.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within a distance of six feet thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

## 3. Definitions

In the foregoing conditions "dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

## 4. State and Municipal Erven

Should any erf mentioned in clause A 7 or any erf required as contemplated in clause B 1 (ii) or any erf required or re-acquired as contemplated in clause B 1 (iii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned conditions or such other conditions as may be determined by the Administrator after consultation with the Township's Board, and in addition to this, in the circumstances set out above the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:—

*Erven 1434, 1435, 1436, 1437, 1506, 1507 and 1508.—*

(a) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 50 feet from the road reserve boundary of National Road T3-10.

(b) Ingress to and egress from the erf shall be restricted to the western boundary thereof.

(c) Geboue met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 15 voet (Engelse) van die straatgrens daarvan geleë wees: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur na goeddunke die oprigting van geboue voor die boulyn kan toelaat waar die nakoming van die boulyn die redelike ontwikkeling van die erf kan strem.

(d) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot voldoening van die plaaslike bestuur.

## 2. Serwituut vir Riolerings- en ander Munisipale Doeleindes

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is alle erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riool- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs net een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorgenoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van ses voet daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpyleiding en ander werke veroorsaak word.

## 3. Woordomskeywing

In voormelde voorwaardes beteken „woonhuis" 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

## 4. Staats- en Munisipale Erwe

As enige erf waarvan melding in klousule A 7 gemaak word of enige erf wat benodig word soos beoog in klousule B 1 (ii) of enige erf wat benodig of herverkry mag word soos beoog in klousule B 1 (iii) hiervan, in besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van die voornoemde voorwaardes of sodanige voorwaardes as wat die Administrateur in oorleg met die Dorperaad bepaal en hierbenewens onder die omstandighede hierbo uiteengesit is die onderstaande erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

*Erwe 1434, 1435, 1436, 1437, 1506, 1507 en 1508.—(a)* Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 50 voet van die pad-reserwegrens van Nasionale Pad T3-10 geleë wees.

(b) Ingang tot en uitgang van die erf is beperk tot die westelike grens daarvan.

No. 271 (Administrator's), 1968

**PROCLAMATION***by the Honourable the Administrator of the Province of Transvaal*

Whereas by paragraph (d) of section 2 of the Division of Land Ordinance, No. 20 of 1957, the application of the said Ordinance to a division of land may be excluded by Proclamation;

And whereas it is deemed expedient to apply the said paragraph (d) in respect of the division of the Remaining Extent of the farm Witbank 307 JS, District of Witbank, in extent 1754·4842 morgen held by virtue of Certificate of Registered Title 23922/1959, dated 28th September, 1959, in a portion in extent approximately 16 morgen and a remainder in extent approximately 1738·4842 morgen;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said paragraph, I hereby declare that the provisions of the said paragraph (d) of section 2 apply to such division.

Given under my Hand at Pretoria on this Fourteenth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

S. G. J. VAN NIEKERK,

Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 9/45/8 Vol. 2.

**ADMINISTRATOR'S NOTICES**

Administrator's Notice No. 1101

30 October 1968

**WESTONARIA MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES**

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Westonaria has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Westonaria Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/38.

**SCHEDULE****WESTONARIA MUNICIPALITY. — PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES****DESCRIPTION OF AREA TO BE INCORPORATED**

Beginning at the point where the northern boundary of the national road (Johannesburg-Potchefstroom) intersects boundary lettered CD on the original diagram of the farm Panvlakte 291 IQ; proceeding thence south-westwards along the south-eastern boundary of the said farm Panvlakte 291 IQ to the south-eastern beacon thereof; thence generally south-westwards along the boundaries of the following portions of the farm Elandsfontein 346 IQ so as to include them in this area: Portion 29 (Diagram S.G. A2540/54), Portion 18 (Diagram S.G. A5082/48) and Portion 19 (Diagram S.G. A5083/48) to the south-western beacon of the last-named portion; thence generally northwards along the boundaries of the following portions of the farm Elandsfontein 346 IQ so as to include them in this area: The said Portion 19 and Portion 23 (Diagram

No. 271 (Administrateurs-), 1968

**PROKLAMASIE***deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal*

Nademaal by paragraaf (d) van artikel 2 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, No. 20 van 1957, die toepassing van genoemde Ordonnansie op 'n verdeling van grond by Proklamasie uitgesluit kan word;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde paragraaf (d) toe te pas ten opsigte van die verdeling van die Resterende Gedeelte van die plaas Witbank 307 JS, distrik Witbank, groot 1754·4842 morg gehou kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Titel 23922/1959 gedateer 28 September 1959 in 'n gedeelte groot ongeveer 16 morg en 'n restant groot ongeveer 1738·4842 morg;

So is dit dat ek, ingevolge die bevoegdhede by genoemde paragraaf aan my verleen; hierby verklaar dat die bepalinge van genoemde paragraaf (d) van artikel 2 op sodanige verdeling van toepassing is.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,

Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 9/45/8 Vol. 2.

**ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS**

Administrateurskennisgewing No. 1101

30 Oktober 1968

**MUNISIPALITEIT WESTONARIA. — VOORGE-  
STELDE VERANDERING VAN GRENSE**

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Westonaria 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9 (7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Westonaria verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/38.

**BYLAE****MUNISIPALITEIT WESTONARIA. — VOORGE-  
STELDE VERANDERING VAN GRENSE****BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF  
STAAN TE WORD**

Begin by die punt waar die noordelike grens van die nasionale pad (Johannesburg-Potchefstroom) die grens geletter CD op die oorspronklike kaart van die plaas Panvlakte 291 IQ sny; daarvandaan suidweswaarts langs die suidoostelike grens van die genoemde plaas Panvlakte 291 IQ tot by die suidoostelike baken daarvan; daarvandaan algemeen suidweswaarts langs die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Elandsfontein 346 IQ sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Gedeelte 29 (Kaart L.G. A2540/54), Gedeelte 18 (Kaart L.G. A5082/48) en Gedeelte 19 (Kaart L.G. A5083/48) tot by die suidwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; daarvandaan algemeen noordwaarts langs die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Elandsfontein 346 IQ sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Die genoemde Gedeelte 19 en Gedeelte 23 (Kaart L.G. A5087/48) tot

S.G. A5087/48) to the north-western beacon of the last-named portion; thence generally northwards along the western boundary of the farm Panvlakte 291 IQ to the point where the said western boundary intersects the northern boundary of the national road (Johannesburg-Potchefstroom); thence generally north-eastwards along the northern boundary of the national road (Johannesburg-Potchefstroom) to the point where the said northern boundary intersects boundary lettered CD on the original diagram of the farm Panvlakte 291 IQ, the place of beginning.

by die noordwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte; daarvandaan algemeen noordwaarts langs die westelike grens van die plaas Panvlakte 291 IQ tot by die punt waar die genoemde westelike grens die noordelike grens van die nasionale pad (Johannesburg-Potchefstroom) sny; daarvandaan algemeen noordooswaarts langs die noordelike grens van die nasionale pad (Johannesburg-Potchefstroom) tot by die punt waar die genoemde noordelike grens die grens geletter CD op die oorspronklike kaart van die plaas Panvlakte 291 IQ sny, die beginpunt.

30-6-13

Administrator's Notice No. 1123 6 November 1968  
**OPENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF POTGIETERSRUS**


It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Potgietersrus, in terms of paragraphs (b) and (c) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that a public district road, 30 Cape feet wide, shall exist over the farm Keerom 204 KR, District of Potgietersrus, as indicated on sketch plan subjoined hereto.

D.P. 03-033-23/24/J-6.

Administrateurskennisgewing No. 1123 6 November 1968  
**OPENING.—OPENBARE PAD, DISTRIK POTGIETERSRUS**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Potgietersrus, ingevolge paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedgekeur het dat 'n openbare distrikpad oor die plaas Keerom 204 KR, distrik Potgietersrus, 30 Kaapse voet verbreed, sal bestaan soos aangedui op bygaande sketsplan.

D. 03-033-23/24/J-6.



Administrator's Notice No. 1124 6 November 1968  
**ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM WELGEGUND 69 HP, DISTRICT OF WOLMARANSSTAD**

In view of an application having been made by Mr F. J. Gagiano for the closing of a public road on the farm Welgegund 69 HP, District of Wolmaransstad, it is the Administrator's intention to take action in terms of section twenty-eight of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objection in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag X928, Potchefstroom, within 30 days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of subsection (3) of section twenty-nine of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed, the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section thirty as a result of such objections.

D.P. 07-074-23/24/W.32.

Administrateurskennisgewing No. 1124 6 November 1968  
**PADREËLINGS OP DIE PLAAS WELGEGUND 69 HP, DISTRIK WOLMARANSSTAD**

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. F. J. Gagiano om die sluiting van 'n openbare pad op die plaas Welgegund 69 HP, distrik Wolmaransstad, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel agt-en-twintig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbendes is bevoeg om binne 30 dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak X928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel nege-en-twintig van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel dertig as gevolg van sulke besware.

D.P. 07-074-23/24/W.32.

Administrator's Notice No. 1125 6 November 1968  
**ROAD TRAFFIC REGULATIONS.—AMENDMENT  
 OF REGULATION 14**

The Administrator hereby, in terms of section 165 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance No. 21 of 1966), read with item 9 of Part IV of Schedule 2 to that Ordinance, amends regulation 14 of the Road Traffic Regulations by the addition thereto of the following paragraph with effect from 1 March 1968:—

“(100) Army Gymnasium Touring Club.”

T.A.V. 38/5/1/1.

Administrator's Notice No. 1126 6 November 1968  
**DISESTABLISHMENT OF POUND ON THE FARM  
 NOOITGEDACHT 35, DISTRICT SWARTUGGENS**

The Administrator is pleased, in terms of section 5 of the Pounds Ordinance, No. 7 of 1913, to approve the disestablishment of the pound on the farm Nooitgedacht 35, District of Swartruggens.

T.A.A. 10/1/72.

Administrator's Notice No. 1127 6 November 1968  
**KRUGERSDORP MUNICIPALITY.—BURSARY  
 LOAN FUND BY-LAWS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

*Definitions*

1. In these by-laws, unless inconsistent with the context—

“bursary loan” means an advance for study purposes which is repayable by the recipient;

“bursary loan fund” means the fund established by the Council in terms of section 79 (51) of the Local Government Ordinance, 1939;

“Council” means the Town Council of Krugersdorp and includes the Management Committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960);

“educational institution” means an institution referred to in section 79 (17) of the Local Government Ordinance, 1939.

*Bursary Loan Fund*

2. The Council may establish a bursary loan fund and deposit therein such sums of money as the Council may from time to time decide.

3. The Council may from the bursary fund advance bursary loans to approved students.

4. No bursary loan shall exceed R200 per annum.

*Conditions*

5. Applications for bursary loans shall be made on the Council's official application form.

6. Applicants shall furnish written proof that they qualify for admission to an educational institution and that their application for such admission has been approved by the educational institution concerned.

Administrateurskennisgewing No. 1125 6 November 1968  
**PADVERKEERSREGULASIES.—WYSIGING VAN  
 REGULASIE 14**

Die Administrateur wysig hierby ingevolge die bepalings van artikel 165 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie No. 21 van 1966), gelees met item 9 van Deel IV van Bylae 2 by daardie Ordonnansie, regulasie 14 van die Padverkeersregulasies deur die ondergenoemde paragraaf daaraan toe te voeg, met ingang vanaf 1 Maart 1968:—

„(100) Leërgimnasiumtoerklub.”

T.A.V. 38/5/1/1.

Administrateurskennisgewing No. 1126 6 November 1968  
**OPHEFFING VAN SKUT OP DIE PLAAS NOOIT-  
 GEDACHT 35, DISTRIK SWARTRUGGENS**

Dit behaag die Administrateur om, ingevolge artikel 5 van die „Schutten Ordonnantie”, No. 7 van 1913, goedkeuring te heg aan die opheffing van die skut op die plaas Nooitgedacht 35, distrik Swartruggens.

T.A.A. 10/1/72.

Administrateurskennisgewing No. 1127 6 November 1968  
**MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP.—BEURS-  
 LENINGSFONDSVERORDENINGE**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

*Woordomskrywing*

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken—

„beurslening” ’n voorskotlening vir studiedoeleindes wat deur die begunstigde terugbetaalbaar is;

„beursleningsfonds” die fonds deur die Raad gestig ingevolge die bepalings van artikel 79 (51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

„onderwysinrigting” ’n inrigting waarna in artikel 79 (17) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, verwys word;

„Raad” die Stadsraad van Krugersdorp en omvat die Bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960) aan hom gedelegeer is.

*Beursleningsfonds*

2. Die Raad kan ’n beursleningsfonds stig en soveel bedrae geld daarin stort as waartoe die Raad van tyd tot tyd besluit.

3. Die Raad kan uit die beursleningsfonds, beurslenings aan goedgekeurde studente toestaan.

4. Geen beurslening mag die bedrag van R200 per jaar oorskry nie.

*Voorwaardes*

5. Aansoeke om beurslenings moet op die Raad se amptelike aansoekvorm gedoen word.

6. Aansoekers moet geskrewe bewyse lewer dat hulle kwalifiseer vir toelating tot ’n onderwysinrigting en dat hulle aansoek om sodanige toelating deur die betrokke onderwysinrigting goedgekeur is.

7. The parents or lawful guardians of the applicants shall have resided within the Krugersdorp Municipality for a period of 2 (two) years prior to the date of application.

8. Payment of bursary loans shall be made by the Council to the educational institution concerned half-yearly in advance. Any balance remaining after deduction of the fees and other charges of the educational institution, shall be paid to the student.

9. If a student to whom a bursary loan has been granted does not at the end of any year obtain a pass which will enable him to proceed with the next prescribed year of study, the bursary loan shall be suspended: Provided that if the student (otherwise than at the expense of the Council) within one year after such suspension obtains the necessary pass, the Council may, unless there has been a previous suspension, reinstate the bursary loan for its remaining period.

#### *Repayment of Bursary Loans*

10. Interest shall accrue at 6% (six per cent) per annum on the amount advanced from the date on which the first instalment falls due to the end of that calendar half-year and thereafter half-yearly in advance on balance owing from time to time, till the loan is repaid.

11. Repayment of each bursary loan, together with interest as aforesaid, shall be by way of 60 (sixty) equal monthly instalments. The said instalments shall be payable as follows:—

(a) In the case of a student who has completed the course of study for which the bursary loan was granted, on the first day of March, in the calendar year after that in which the student has so completed that course.

(b) In 12 (twelve) monthly instalments if the course of study is abandoned within two years of study.

(c) In 24 (twenty-four) equal monthly instalments if the course of study is one which normally extends over more than two years and is abandoned after two years of study.

(d) Interest will be calculated on the above-mentioned basis from the first day of the month after the study course has been abandoned.

(e) The first monthly instalment is due and payable on the first day of the month after the study course has been abandoned.

12. The date of completion or abandonment by a student of a course of study for which a bursary loan has been granted shall be the date stated to be such by letter addressed to the Council by the principal of the educational institution concerned or by a person acting under his authority.

13. In the event of any student to whom a bursary loan has been granted failing to pay any instalment as provided for in section 11 within 14 (fourteen) days after due date, the Council shall then, notwithstanding anything above contained, have the right to claim immediate payment of the total outstanding amount of the loan, together with interest as aforesaid.

14. In the event of the decease of a person to whom such a bursary loan has been granted before the repayment to the Council of the bursary loan and interest thereon, the total amount owing to the Council as at the date of death shall then, notwithstanding anything above contained, immediately become due and payable in full and such amount shall continue to bear interest as aforesaid until the date of payment.

7. Die ouers of wettige voogde van die aansoekers moet op datum van aansoek 2 (twee) jaar binne die munisipaliteit Krugersdorp woonagtig wees.

8. Betaling van beurslenings word deur die Raad halfjaarliks vooruit aan die betrokke onderwysinrigting gemaak. Enige balans wat oorbly nadat die gelde en ander koste van die onderwysinrigting afgetrek is, word aan die student uitbetaal.

9. Indien 'n student aan wie 'n beurslening toegeken is, nie aan die einde van enige jaar sodanig slaag dat hy met die volgende jaar se studiekursus kan voortgaan nie, word die beurslening opgeskort: Met dien verstande dat as die student (andersins as op die koste van die Raad) binne 'n tydperk van een jaar na sodanige opskorting dusdanig slaag, kan die Raad, tensy daar 'n vorige opskorting was, die beurslening vir die oorblywende tydperk herinstel.

#### *Terugbetaling van Beurslenings*

10. Rente word gehef teen 6% (ses persent) per jaar op die bedrag voorgeskiet van datum af waarop die eerste terugbetalingspaaielement gemaak moet word, bereken tot die einde van die kalenderhalfjaar waarin die datum voorkom en daarvandaan halfjaarliks vooruitbereken op balanse van tyd tot tyd uitstaande.

11. Terugbetaling van beurslenings tesame met rente soos voornoem, geskied by wyse van 60 (sestig) gelyke maandelikse paaielemente, betaalbaar soos volg:—

(a) In die geval van 'n student wat die studiekursus waarvoor die beurslening toegestaan is voltooi het, op die eerste van Maart volgende die kalender jaar waarin die student die kursus voltooi het.

(b) Terugbetaling moet geskied in 12 (twaalf) gelyke maandelikse paaielemente indien die studiekursus gestaak word binne twee studiejare.

(c) Terugbetaling moet geskied in 24 (vier-en-twintig) gelyke maandelikse paaielemente indien die studiekursus een is wat gewoonlik meer dan twee studiejare duur en gestaak word na twee studiejare.

(d) Rente word bereken op die voornoemde grondslag van die eerste dag van die maand af nadat die studiekursus gestaak is.

(e) Die eerste maandelikse paaielement is betaalbaar op die eerste dag van die maand nadat die studiekursus gestaak is.

12. Die datum van voltooiing of staking deur 'n student van 'n studiekursus waarvoor 'n beurslening toegestaan is, is die datum soos skriftelik aangedui aan die Raad deur die hoof van die betrokke onderwysinrigting of deur 'n persoon deur hom daartoe gemagtig.

13. In die geval waar enige student aan wie 'n beurslening toegeken is, nalaat om enige paaielement soos bepaal in artikel 11 binne 'n tydperk van 14 (veertien) dae na die vervaldag te betaal, het die Raad, niesteendaande enigiets vooraf bepaal, die reg om onmiddellik betaling van die totale uitstaande bedrag van die lening tesame met rente soos voornoem, te eis.

14. In die geval waar 'n persoon aan wie 'n beurslening toegestaan is te sterwe kom voordat die beurslening en rente daarop gedelg is, word die totale bedrag verskuldig aan die Raad op datum van afsterwe, niesteendaande enigiets vooraf bepaal, onmiddellik ten volle betaalbaar en so 'n bedrag is rentedraend tot datum van betaling teen die rentekoers soos voornoem.

*Security*

15. Every student to whom a bursary loan has been granted, shall furnish two sureties approved by the Council, who shall bind themselves jointly and severally to the Council as sureties for an co-principal debtors with the said student, sign an undertaking in such form as the Council may from time to time stipulate for the repayment of the loan, together with interest thereon as in these by-laws provided and no payment by the Council of any bursary loan shall be made until such undertaking has been signed and deposited with the Council.

16. Notwithstanding anything in these by-laws contained the recipient of any such bursary loan or any person on his behalf may at any time pay a larger instalment than herein provided or repay the loan in full before due date.

T.A.L.G. 5/121/18

Administrator's Notice No. 1128 6 November 1968  
**BENONI MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES**

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Benoni has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Benoni Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/6.

**SCHEDULE**

**BENONI MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES**

*Description of Area to be Excluded from the Brakpan Municipal Area and to be Included in the Benoni Municipal Area*

Beginning at the point where the western boundary of Range View Road (Diagram S.G. A117/40) intersects the existing Benoni Municipal Boundary; proceeding thence generally southwards along the said western boundary of Range View Road to beacon "RN 155" on the working-plan relating to Survey Records 896/68; thence generally north-westwards through beacons "RN 72", "int" and "Pipe" on the said working plan to the last-named beacon; situated on the existing Benoni Municipal Boundary; thence generally north-eastwards along the said existing Benoni Municipal Boundary to where it intersects the western boundary of Range View Road (Diagram S.G. A117/40), the place of beginning.

6-13-20

Administrator's Notice No. 1129 6 November 1968  
**DETERMINATION OF ROUTES AND STOPPING PLACES FOR PUBLIC MOTOR VEHICLES WITHIN THE MIDDELBURG MUNICIPALITY**

The Administrator hereby, in terms of section 65 bis (5) of the Local Government Ordinance, 1939, notifies that he has, in terms of section 65 bis (4) of the said

*Borgstelling*

15. Elke student aan wie 'n beurslening toegestaan is, moet twee persone goedgekeur deur die Raad, wat hulself gesamentlik en afsonderlik aan die Raad verbind as borge vir en mede-skuldenaars tesame met die betrokke student, 'n onderneming onderteken waarvan die vorm van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word vir die terugbetaling van die beurslening, tesame met rente daarop bereken soos in hierdie verordeninge bepaal, en geen betaling van enige beurslening word deur die Raad gemaak nie voordat so 'n onderneming onderteken en aan die Raad oorhandig is nie.

16. Nieteenstaande enigiets in hierdie verordeninge bepaal, kan die begunstigde van enige beurslening of enige persoon namens hom te eniger tyd 'n groter paaiement as hierin bepaal, of die hele voorskot voor die vervaldag, betaal.

T.A.L.G. 5/121/18

Administrateurskennisgewing No. 1128 6 November 1968  
**MUNISIPALITEIT BENONI.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE**

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Benoni 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 9 (7) van genoemde Ordonnansie, uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Benoni verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/6.

**MUNISIPALITEIT BENONI.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE**

*Beskrywing van Gebied wat uit die Brakpanse Munisipale Gebied uitgesluit staan te word en in die Benonise Munisipale Gebied ingesluit staan te word*

Begin by die punt waar die westelike grens van Range Viewweg (Kaart L.G. A117/40) die bestaande Benoni Munisipale Grens sny; daarvandaan algemeen suidwaarts langs die genoemde westelike grens van Range Viewweg tot by baken „RN 155” op die werksplan verwant aan Meetstukke 896/68; daarvandaan algemeen noordwestwaarts deur bakens „RN 72”, „int” en „Pipe” op die genoemde werksplan tot by die laasgenoemde baken geleë op die bestaande Benoni Munisipale Grens; daarvandaan algemeen noordooswaarts langs die genoemde bestaande Benoni Munisipale Grens tot waar dit die westelike grens van Range Viewweg (Kaart L.G. A117/40) sny, die beginpunt.

6-13-20

Administrateurskennisgewing No. 1129 6 November 1968  
**BEPALING VAN ROETES EN STILHOUPLEKKE VIR PUBLIEKE MOTORVOERTUIE BINNE DIE MUNISIPALITEIT MIDDELBURG**

Die Administrateur maak hierby, ingevolge artikel 65 bis (5) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend dat hy, ingevolge artikel 65 bis (4) van genoemde



Ordinance, determined that the routes and stopping places for public motor vehicles within the Middelburg Municipality with effect from the date of this notice, shall be as follows:—

*In Respect of Bus Service Operated by Greyhound Bus Lines (Pty) Ltd*

(1) (a) *European R.M.B.*—Commence at R.M.B., thence along Jan van Riebeeck Street, Jeppe Street, President Kruger Street (with stop approximately midway between Jeppe Street and Meyer Street), thence along President Kruger Street (with stop west of Rivier Street) thence along President Kruger Street (with stop east of Coetzee Street), thence along President Kruger Street, Market Street, Noordkant Street (with stop east of Kerk Street), thence along Kerk Street (with stop north of Voortrekker Street), thence along Kerk Street, Jan van Riebeeck Street, Coetzee Street (with stop approximately in line with the centre of Erf 560), hence along Coetzee Street; Fifth Street (with a stop opposite Fecro Court), thence along Third Street (with stop opposite Erf 939), thence along Second Street, Coetzee Street, Vos Street (with stop west of Frames Street), thence along Vos Street (with stop west of Luttig Street), thence along Vos Street (with stop west of Verdoorn Street), thence along Verdoorn Street, Jan van Riebeeck Street, to R.M.B. Factory.

(b) *Non-European R.M.B.*—(i) Commence at Location (with stop east of Merrie Spruit), thence along Noordkant Street, Kerk Street, President Kruger Street, Meyer Street, Jan van Riebeeck Street (with stop in Jan van Riebeeck Street east of Verdoorn Street intersection), thence to R.M.B. Alloys.

(ii) Return journey from R.M.B. Alloys along Jan van Riebeeck Street (with stop in Jan van Riebeeck Street west of Verdoorn Street intersection), thence along Kerk Street, Noordkant Street (with stop approximately 200 yards east of Merrie Spruit), thence to location.

(c) *Non-European Location/Middelburg Station: First Route.*—(i) Commence in location, thence along Noordkant Street, Kerk Street, President Kruger Street (with stop opposite the site of the old Market Buildings for off-loading passengers only), thence along President Kruger Street, Coetzee Street, Wanderers Avenue (with stop west of Coetzee Street) thence along Wanderers Avenue (with stop east of Kerk Street).

(ii) Return journey along the same route with stop in President Kruger Street at Bantu Commissioner's offices instead of in President Kruger Street opposite the site of the old Market Buildings as in the forward journey.

*Second Route.*—(i) Same as First Route as far as Coetzee Street, thence along Jan van Riebeeck Street (with stop approximately 100 feet west of Klip Street), thence along Jan van Riebeeck Street, Meyer Street, station (with stop at station).

(ii) Return journey along same route as far as Coetzee Street with stop in Jan van Riebeeck approximately 100 feet west of Morkel Street instead of 100 feet west of Klip Street as in the forward journey, thence same as return journey for First Route.

(2) Stop on the southern side of Voortrekker Street opposite the site of the old Middelburg-Club for use by private undertakings conveying European passengers from outside the municipal area.

(3) Stop at the Station and in President Kruger Street at the Bantu Commissioner's Offices, for use by private undertakings conveying non-European passengers from outside the municipal area.

T.A.L.G. 17/54/21.

Ordonnansie, beslis het dat die roetes en stilhouplekke vir publieke motorvoertuie binne die munisipaliteit Middelburg met ingang van die datum van hierdie kennisgewing, soos volg is:—

*Ten Opsigte van Busdiens wat deur Greyhound Bus Lines (Pty) Ltd Bestuur word*

(1) (a) *Blanke R.M.B.*—Begin by R.M.B., dan met Jan Vanriebeeckstraat, Jeppestraat, President Krugerstraat (met stop ongeveer halfpad tussen Jeppestraat en Meyerstraat), dan met President Krugerstraat (met stop wes van Rivierstraat), dan met President Krugerstraat (met stop oos van Coetzeestraat, dan met President Krugerstraat, Markstraat, Noordkantstraat (met stop oos van Kerkstraat), dan met Kerkstraat (met stop noord van Voortrekkerstraat) dan met Kerkstraat, Jan Vanriebeeckstraat, Coetzeestraat (met stop ongeveer in lyn met die middel van Erf 560), dan met Coetzeestraat, Vyfde Straat (met stop teenoor Fecrohof), dan met Derde Straat (met stop teenoor Erf 939), dan met Tweede Straat, Coetzeestraat, Vosstraat (met stop wes van Framesstraat), dan met Vosstraat (met stop wes van Luttigstraat), dan met Vosstraat (met stop wes van Verdoornstraat), dan met Verdoornstraat, Jan Vanriebeeckstraat na R.M.B.-fabriek.

(b) *Nie-Blanke R.M.B.*—(i) Begin by lokasie (met stop oos van Merriespruit), dan met Noordkantstraat, Kerkstraat, President Krugerstraat, Meyerstraat, Jan Vanriebeeckstraat (met stop in Jan Vanriebeeckstraat oos van Verdoornstraatkruising) dan na R.M.B. Alloys.

(ii) Terugreis van R.M.B. Alloys met Jan Vanriebeeckstraat (met stop in Jan Vanriebeeckstraat wes van Verdoornstraatkruising), dan met Kerkstraat, Noordkantstraat (met stop ongeveer 200 treë oos van Merriespruit), dan na lokasie.

(c) *Nie-Blanke Lokasie/Middelburgstasie: Eerste Roete.*—(i) Begin in lokasie, dan met Noordkantstraat, Kerkstraat, President Krugerstraat (met stop teenoor die perseel van die ou Markgeboue vir die aflaa van passasiers alleenlik), dan met President Krugerstraat, Coetzeestraat, Wandererslaan (met stop wes van Coetzeestraat), dan met Wandererslaan (met stop oos van Kerkstraat).

(ii) Terugreis met dieselfde roete met stop in President Krugerstraat by die kantoor van die Bantoesake-kommissaris instede van in President Krugerstraat teenoor die perseel van die ou Markgeboue soos in die heenreis.

*Tweede Roete.*—(i) Dieselfde as Eerste Roete so ver as Coetzeestraat, dan met Jan Vanriebeeckstraat (met stop ongeveer 100 voet wes van Klipstraat), dan met Jan Vanriebeeckstraat, Meyerstraat, stasie (met stop by stasie).

(ii) Terugreis langs dieselfde roete so ver as Coetzeestraat met stop in Jan Vanriebeeckstraat ongeveer 100 voet wes van Morkelstraat instede van 100 voet wes van Klipstraat soos in die heenreis, dan dieselfde as-terugreis vir Eerste Roete.

(2) Stop aan die suidelike kant van Voortrekkerstraat teenoor die perseel van die ou Middelburg Klub vir gebruik deur private ondernemings wat Blanke passasiers van buite die munisipale gebied vervoer.

(3) Stop by die stasie en in President Krugerstraat by die kantoor van die Bantoesakekommissaris vir gebruik deur private ondernemings wat nie-Blanke passasiers van buite die munisipale gebied vervoer.

T.A.L.G. 17/54/21.

Administrator's Notice No. 1130

6 November 1968

**TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS.—GROOT MARICO LOCAL AREA COMMITTEE, ELECTION OF MEMBERS**

It is notified in terms of section 6 (1) of the Regulations for Local Area Committees under the jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, proclaimed under Proclamation No. 231 (Administrator's) 1958, that the Administrator has determined the 27th November 1968, as the date of the first election of members of the Groot Marico Local Area Committee.

T.A.L.G. 4/1/86.

Administrator's Notice No. 1131

6 November 1968

**ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM BOSCHPOORT 388 JS AND THE FARM SPITSKOP 383 JS, DISTRICT OF BELFAST**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved after investigation and report by the Road Board of Belfast, that the public roads 50 Cape feet wide, traversing the farm Boschpoort 388 JS and the farm Spitskop 383 JS, District of Belfast, shall be deviated, and closed in terms of paragraph (d) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the subjoined sketchplan.

D.P. 04-045-23/24/B-4.

Administrateurskennisgewing No. 1130

6 November 1968

**TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE.—PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE VAN GROOT MARICO, VERKIESING VAN LEDE**

Daar word bekendgemaak ingevolge artikel 6 (1) van die Regulasies vir Plaaslike Gebiedskomitees onder die jurisdiksie van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike gebiede, geproklameer by Proklamasie No. 231 (Administrateurs-) 1958, dat die Administrateur 27 November 1968, bepaal het as die datum van die eerste verkiesing van lede van die Plaaslike Gebiedskomitee van Groot Marico.

T.A.L.G. 4/1/86.


Administrateurskennisgewing No. 1131

6 November 1968

**PADREELINGS OP DIE PLASE BOSCHPOORT 388 JS EN SPITSKOP 383 JS, DISTRIK BELFAST**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur na ondersoek en verslag deur die Padraad van Belfast goedgekeur het dat die openbare paaie 50 Kaapse voet breed oor die plase Boschpoort 388 JS en Spitskop 383 JS, distrik Belfast, ingevolge die bepalings van paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlé en gesluit word, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 04-045-23/24/B-4.



Administrator's Notice No. 1132

6 November 1968

**OPENING OF PUBLIC MAIN ROAD 0170 (ADDITIONAL PORTION), DISTRICT OF KEMPTON PARK**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, in terms of section three of the Roads Ordinance No. 22 of 1957, and the provisions of paragraphs (b) and (c) of subsection (1) and paragraph (b) of subsection (2) of section five of the said Roads Ordinance, that a public main road of varying widths with intersections and service roads shall exist on the properties as indicated and described on the subjoined sketch plans.

D.P.H. 022-23/22/0170.



Administrateurskennisgewing No. 1132

6 November 1968

**OPENING VAN OPENBARE GROOTPAD 0170 (BYKOMSTIGE GEDEELTE), DISTRIK KEMPTON PARK**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, kragtens die bepalings van artikel drie van die Padordonnansie, No. 22 van 1957, in die bepalings van paragrafe (b) en (c) van subartikel (1) en paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel vyf van die genoemde Padordonnansie goedgekeur het dat 'n openbare grootpad van afwisselende breedtes met aansluitings en dienspaaie sal bestaan oor die eiendomme soos aangetoon en beskryf op die bygaande sketsplanne.


D.P.H. 022-23/22/0170.



SKAAL: 1:7500  
SCALE: 1:7500

LW. Sien inlaskaart vir baken nrs. in die erwe.  
NB. See inset map for beacon nrs. inside stands.

LEER NR. DPH. 022-14/9/6  
FILE NO.



1 DIE FIGUUR GENOMMER L39, L40 - L49, R67, R66, R45-L49, STEL VOOR PAD NR 0170 VAN WISSELENDE WYDTES MET AANSLUITINGS.

THE FIGURE NUMBERED L39, L40 - L49, R67, R66-R45, L49 REPRESENTS ROAD NO 0170 OF VARYING WIDTHS WITH INTERSECTIONS.

2 DIE FIGUUR GENOMMER/THE FIGURES NUMBERED

(A) L44 SL45 - SL66, SL66a, SL66b, SL66c, SL66d, SL66e, SL67-SL71, D121 - D117 - D122, D114 - D100, D116, SL82-SL86, L47, L44.

(B) D116 - D114, D122, D121, SL71 - SL 82, D116 STEL VOOR DIENSPAARIE / REPRESENT SERVICE ROADS.

SKAAL: SCALE: 1:7500

LÊER NR. FILE NO. D.P.H. 022-14/9/6

Administrator's Notice No. 1133 6 November 1968  
**POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY.—  
 AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Traffic By-laws of the Potchefstroom Municipality, published under Administrator's Notice No. 528, dated the 8th September 1937, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 14 of the following:—

*“Vehicles in ‘No Parking’ Areas*

14. (1) Notwithstanding anything contained in section 10 no person shall allow any vehicle or cycle in his control or charge to be parked or stand in any street or portion thereof—

(a) where a notice prohibiting parking in a street or portion thereof, is displayed;

(b) during the hours stated on a notice displayed by the Council in respect of a street or portion thereof or for a longer period than is stated on such notice to be the period permissible for parking in such a street or portion thereof; and

(c) between the hours 6 a.m. and 6 p.m. where a notice or sign or both indicates or indicate that the space or area is zoned for the taking up or setting down of passengers or merchandise, unless the vehicle is parked there for the purpose of or is taking up or setting down passengers or merchandise.

(2) No bicycles shall be parked or left against the kerbstone or on the sidewalks in Kerk Street, between Lombard and Potgieter Streets, but shall be parked in the bicycle stands provided for this purpose.”

T.A.L.G. 5/98/26.

Administrator's Notice No. 1134 6 November 1968  
**BENONI MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO  
 BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND  
 BUSINESS CONTROL**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Licences and Business Control of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice No. 67, dated the 27th January 1954, as amended, are hereby further amended by the substitution for subsections (c), (e) and (k) of section 374 (1), of the following:—

